### *1.2 Die hele Ou Testament is Kanon*

Wanneer 'n mens daaraan dink dat die hele Ou Testament die karakter van Heilige Skrif wat reël vir geloof en lewe is, dra, dan is daaruit al te verstaan dat geen deel van die Ou Testament bo die ander uitgesonder kan word nie. Indien die Ou Testament self aandagtig gelees word, word dit ook heeltemal duidelik dat elke afsonderlike deel van die Ou Testament só in die geheel inpas dat die dele saam die Ou Testament vorm.

### *1.3 Die Wet en die res van die Ou Testament weerspreek mekaar nie*

Dat daar geen wesenlike teensprake tussen die Wet en die ander Ou Testamentiese boeke kan wees nie, spreek eintlik vanself, want as daar sulke aanwysbare, wesenlike teensprake sou wees, sou die Wet en ander boeke sekerlik nie almal op kanonisiteit kon aanspraak maak nie. Elke kanonieke boek sê eintlik op sy eie manier: „So sê die Here." Dit wil sê, al die boeke van die Ou Testament bring aan ons die boodskap van die Woord van God. Daarom sê ons dat hulle, wat die wesenlike en heilsnoodwendige dinge betref, eenstemmig is. Daarom, al vertoon die Wet en ander boeke van die Ou Testament nie 'n eenvormigheid nie, is hulle tog nog eenstemmig in hulle getuienis oor die groot dade van God en die diens wat die mens aan God verskuldig is.

### *1.4 Die ander boeke sluit aan by die Wet*

Daarom kan dit verwag word dat die jonger boeke sal aansluit by die Wet. So begin Josua byvoorbeeld met die geskiedenis op die punt waar Deuteronomium eindig. So word byvoorbeeld die wette wat in die Wet versamel is, streng gehandhaaf – die offers, die tiendes, ens. So word die geskiedenis wat in die Wet beskrywe is. in later tye gebruik om die volk daaruit te leer wat reg is (bv. in Psalms 78 en 95 : 8).

### *1.5 Die ander boeke is nie blote herhaling van die Wet nie*

As die ander boeke net sou herhaal wat die Wet sê, sou hulle sekerlik nie nodig gewees het nie. Eenstemmigheid tussen die Wet en ander boeke moet dus nie as herhaling verstaan word nie. Daar is selfs „nuwe" elemente wat na vore kom. So kan genoem word die instelling van die koningskap wat in Samuel meegedeel word. Dit is iets



waarvan in die Wet nog geen sprake is nie. Die ballingskap as 'n Godsdaad is in die Wet nog glad nie voorsien nie. *Die feit dat daar „nuwe" elemente na vore kom, is nie herhaling nie en ook nie teenspraak nie. Dit is eintlik net ander maniere waarop die Godsopenbaring betuig word.*

Ons kan dus besluit dat daar 'n innerlike eenheid en onverbreekbare samehang tussen die Wet en die ander boeke van die Ou Testament is, want saam vorm die Wet en die ander boeke van die Ou Testament die outentieke getuienis van die Godsopenbaring aan die Godsvolk onder die Ou Bedeling.

## 2. VERBAND TUSSEN DIE WET EN DIE NUWE TESTAMENT

### *2.1 Algemene opmerking*

Die Ou Testament, dus ook die Wet as deel van die Ou Testament, was die Bybel van Jesus Christus en sy dissipels en van die eerste Christene, want die Nuwe Testament het toe nog nie bestaan nie. Dit kan dus verwag word dat die geskrifte van die Nuwe Testament, vir die Wet en vir die Ou Testament in sy geheel, 'n positiewe waardering sal hê. So word die Wet nie net in die Nuwe Testament genoem nie en word daar nie net uit die Wet aangehaal nie, maar word daar dikwels in die Nuwe Testament eenvoudig van die veronderstelling uitgegaan *dat die lesers die Wet en die Ou Testament in sy geheel goed ken.* Om nou maar die bekendste voorbeeld hiervan te noem, verwys ons na die Jesus-woord oor huwelik en egskeiding in Matthéüs 19 : 3–12.

In Matthéüs 19 : 3–12 word nie net verwys na Genesis 1 : 27, Genesis 2 : 24 en Deuteronomium 24 : 1–5 waarin oor die instelling van die huwelik en oor egskeiding gepraat word nie. Jesus begin sy antwoord aan die Fariseërs met die retoriese vraag: „Het julle nie gelees . . .?" Die antwoord op hierdie vraag moet „Ja" wees. Met ander woorde, Jesus veronderstel nie net dat sy hoorders van die Wet weet nie, maar dat sy hoorders deur die lees daarvan 'n noue omgang met en 'n intieme kennis van die Wet besit.

Hierdie voorbeeld wat met baie ander vermenigvuldig kan word, toon duidelik watter positiewe waardering die Nuwe Testament vir die Pentateug het en watter positiewe gebruik daarvan gemaak word.

### *2.2 Nuwe Testament is nie 'n blote herhaling van die Ou Testament nie*

Hierdie feit het 'n besondere betrekking op die Pentateug.

*2.2.1 Hoofbestanddele van die Pentateug*

Ons vind in die Pentateug die geskiedenisse, die Wet in die eng betekenis van die Wet van God of Tien Gebooie, en die seremoniële Wet. Oor die geskiedenisse hoef ons nie verder te praat nie, want hierdie geskiedenisse bly onverkort dwarsdeur die Nuwe Testament as heilsgeskiedenis geld, dit wil sê as die beskrywing van God se groot verlossingsdade vir sy volk (vgl. Hebreërs 11).

*2.2.2 Die Seremoniële Wet is deur die Nuwe Testament afgeskaf*

As die Ou-Testamentiese Godsopenbaring verstaan word as die openbaring aan die Godsvolk onder die Ou Bedeling, dan spreek dit eintlik vanself dat daar aan hierdie openbaring dinge verbonde was, wat voorlopig was. Hierdie voorlopigheid het daaruit bestaan dat hulle die verwagte Nuwe Bedeling moes afbeeld en voortdurend daaraan moes herinner, dat so 'n Nuwe Bedeling aan 't kom was. Toe die Nuwe Bedeling aangebreek het, het hierdie dinge eintlik outomaties opgehou om te bestaan. Daarom sê ons dat die aanbreek van die Nuwe Testament met die koms van Jesus Christus die seremoniële wet opgehef het, want die seremonies moes vooruit getuig van Christus. Met sy koms het hulle dus nie meer 'n funksie oorgehou om te vervul nie.

*2.2.2.1 Wat is die Seremoniële Wet?* Soos die naam aandui, is dit die wette wat betrekking het op die godsdienstige seremonies, soos die offerdiens, die godsdienstige reinigings of wassings, en dies meer. Dit het dus grootliks te doen met die priesterdiens soos dit in Israel voorgeskrywe was. Die grootste gedeelte van die volgende wetbundels hoort onder die seremoniële wet tuis, naamlik

a. *Die Tabernakelwette* – Exodus 25–31; 35–40, Levitikus 8 vervolgens.
b. *Die offerwette* – Levitikus 1–7
c. *Die reinigingswette* – Levitikus 11–16.
d. *Die heiligheidswette* – Levitikus 17 en 18; 20–26.
e. *Die Levitiese en priesterlike wette* – Numeri 4–6; 8–10; 15 : 18; vervolgens 27–30.

Soms word die seremoniële wette ook die skaduagtige wette genoem.

*2.2.2.2 Die Afskaffing van die Seremonies:* Die Brief aan die Hebreërs, en veral hoofstukke 8, 9 en 10 beskrywe noukeurig hoedat die seremonies wat na Christus toe gewys het deur Christus se priesterskap en offerande eens en vir altyd tot 'n einde gekom het. Hierdie brief wys oorduidelik daarop dat alles as deel van die Ou Verbond wat voorlopig was, deur die Nuwe Bedeling of Verbond vir altyd afgedaan is, omdat Christus se priesterskap volmaak was en sy offerande vir eens en vir altyd die sondes van die Godsvolk versoen het.



Op hierdie manier moet 'n mens dan ook die feit dat die voorhangsel van die tempel op die dag van die kruisiging middeldeur geskeur het, verstaan. Voorheen kon *net die hoëpriester* agter die voorhangsel gaan om op die groot versoendag een keer per jaar vir die sondes van die volk te offer. Toe die voorhangsel geskeur het, het daar 'n ander priesterskap in werking getree. Ná die dood en opstanding van Christus is dit die voorreg én plig van *elke gelowige* op grond van *die priesterskap van alle gelowiges*, om na die genadetroon van God te gaan om dank aan God te offer (vgl. Hebreërs 4 : 14–16).

Die priesterskap, soos dit in Israel bestaan het en die daarmee gepaardgaande seremonies, kan na die dood en opstanding van Christus nie weer herstel word nie. Diegene wat dit weer wil laat herleef, smaad Christus en misken sy verlossingswerk.

*2.2.2.3 Enkele losstaande sake:* Dit is ook goed om daarop te wys dat daar ook enkele losstaande sake is wat nie deur die Nuwe Testament opgehef of afgeskaf is nie, maar met iets anders vervang is.

a. Die uiterlike teken van die Ou Verbond was die *besnydenis* (vgl. Genesis 17 : 10). In die Nuwe Testament is die *doop* ingestel as teken van die Nuwe Verbond. Die doop het dus in die plek van die besnydenis gekom. Dit het die besnydenis vervang (vgl. Kolossense 2 : 10–12).
b. Die *paasfees* is ingestel met die uittog uit Egipteland (vgl. Exodus 12). Dié fees wat sedertdien by elke groot gebeurtenis in die lewe van die volk, soos met die intog in Kanaän en die terugkeer uit die Ballingskap, gevier is, moes die volk voortdurend herinner aan die verlossing uit die slawerny. Die Here Jesus Christus het tydens die laaste paasfees met sy dissipels die *nagmaal* ingestel. Dat Hy die nagmaal bedoel het as 'n vervanging van die paasfees, blyk uit die feit dat brood en wyn by die nagmaal wys op die verlossing deur sy kruisdood en verder uit die feit dat Hy sy dissipels beveel om in die toekoms nie die paasfees nie, maar die nagmaal te vier (vgl. Matthéüs 26 : 26–28, Markus 14 : 22–24, Lukas 22 : 19 en 20, veral vs. 19 „. . . doen dit tot My gedagtenis", en 1 Korinthiërs 11 : 23–29, veral vs. 26).

*2.2.2 Die Wet van God of die Tien Gebooie*

*2.2.3.1 Vooraf verduideliking:* Wanneer ons van die Wet praat, dan bedoel ons dit in die wye sin en verstaan daaronder die Pentateug of die sogenaamde „Boeke van Moses" wat die eerste vyf boeke in die Ou Testament is. Tot nou toe het ons van die Wet in hierdie wye betekenis gepraat. Wanneer ons van die Wet van God praat, bedoel ons dit in die eng sin en verstaan daaronder die Tien Gebooie, ook die *Dekaloog* genoem, wat in Exodus 20 en Deuteronomium 5 opgeteken is en wat ons ook in enigsins gewysigde vorm in Levitikus 19 terugvind. In hierdie besondere sub-paragraaf (nl. 2.2.3) wil ons nou oor Wet en Evangelie, dit wil sê oor die Tien Gebooie en die Nuwe Testament, praat oor die Tien Gebooie, dit is die Wet van God en die Verbond.

*2.2.3.2 Johannes 1:17:* Hierdie teks lui so: „Want die wet is deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom." Met „wet" word hier klaarblyklik die Wet van God of Tien Gebooie bedoel. *Op die oog af lyk dit of Johannes die Wet van God en die genade teenoor mekaar stel.* Dit lyk maar net so. *Maar hoe moet ons die samehang van Gebod en Genade vir ons voorstel?*

*2.2.3.3 Matthéüs 5:17, 18 en 19:* In vers 17 sê Christus *dat Hy nie gekom het om die Wet of die Profete te ontbind nie.* Hier bedoel Hy met Wet klaarblyklik die Pentateug of „Boeke van Moses". Dan verklaar Hy *dat Hy gekom het om dit te vervul.* Dat Jesus eintlik bedoel het die Wet van God of Tien Gebooie, word duidelik as Hy in vers 18 sê dat geen jota of tittel van die „wet" (wat Hy in vers 19 spesifiek „gebooie" noem), sal verbygaan nie. Dat Jesus die Wet van God vervul het, word ook onderstreep deur sy opmerking by sy doop, as Hy verklaar dat Hy gedoop moet word „om alle geregtigheid te vervul" (Matt. 3:15). Om die geregtigheid te vervul, beteken eintlik om die Wet van God by sy werklike bestemming te laat tuiskom, om die Wet van God sy werklike doel te laat tref. *Daarom verrig die Wet van God wat in Christus vervul is (d.i. volgemaak is) 'n driedelige funksie in die Nuwe Testament:*

a. Die Wet van God is *die bron waaruit die mens sy sonde leer ken.* Dit moet so verstaan word: „Wat sal ons dan sê? Is die wet sonde? Dit tog nie! Inteendeel, ek sou die sonde nie anders as deur die wet geken het nie; want ek sou die begeerlikheid nie geken het nie as die wet nie gesê het; Jy mag nie begeer nie." Die wet sê dus vir ons wat voor God sonde is en wat nie. Die sondekennis berus nie by ons eie insig nie.

b. Die Wet waaruit ons die sonde ken, *dryf ons uit na Christus ons Verlosser.* Daarom verklaar Paulus dat die Wet van God 'n opvoeder, 'n tugmeester na Christus toe is, „. . . sodat ons geregverdig kan word uit die geloof" (Gal. 3:24). Dit wil sê, dat ons nie sal probeer om onsself te verlos nie, maar om in die geloof die verlossing te aanvaar wat ons het in Christus, deur wie die Wet vir ons vervul is.

c. Die gelowige wat die verlossing in Christus aanvaar, moet die Here egter nie dank soos hy wil nie, maar hy moet Hom dank soos Hy gedien en gedank wil word. *Hoe die Here deur sy kinders gedien en gedank wil word,* word vir ons in die Wet van God gesê. Die derde funksie van die Wet van God is dus om vir die gelowiges die pad waarlangs hulle dankdiens tot eer van God moet loop, voor te skrywe. Daarom sê die Jakobus-brief (vgl. 1:22 en hoofstuk 2) dat ons geloof dood is as ons nie doen wat die Wet van God vir ons voorskrywe nie. (Vgl. ook Matt. 5:16.)

*2.3 Samevatting*

Ons kan nou sê dat die Nuwe Testament nie 'n blote herhaling van die Wet is nie. Wet en Genade, Wet en Evangelie sluit mekaar ook nie uit nie, maar staan in 'n besondere verhouding tot mekaar. Hierdie verhouding kan op drie maniere omskrywe word (vgl. paragrawe *2.2.2.1; 2.2.2.2; 2.2.2.3* en *2.2.3.3).* Hieruit word dan duidelik dat Wet en Evangelie 'n eenheid van inhoud en bedoeling het, naamlik *die ortodoksie.* Ortodoksie in sy regte sin beteken *die regte geloof en die regte lofprysing.* Dit wil sê die Wet en Evangelie wil dat God reg geken en reg gedien sal word.

Ons het dus net een Heilige Skrif, net een kanon. Ons het nie twee Bybels nie, naamlik 'n Ou Testament en 'n Nuwe Testament of 'n Wet en 'n Evangelie nie, maar wel Ou en Nuwe Testament wat saam ons één Bybel, die enigste betroubare bron en geldige maatstaf vir ons geloof en lewe, is. Daarom kan ons sê dat die Ou Testament wat die voorbereiding is en die Nuwe Testament wat die vervulling is, nie los van mekaar verstaan of aanvaar wil word nie, maar saam as Heilige Skrif wil geld.

3. WET EN VERBOND

Die woord „verbond" is in die Ou Testament die mees sentrale woord wat gebruik word om God se verhouding tot die mense uit te druk.

### 3.1 *Die verbond is nie dieselfde as 'n gewone kontrak nie*

Die verbond in Bybelse sin is iets anders as 'n verbond of ooreenkoms wat deur twee gelykwaardige partye aangegaan word. 'n Kontrak tussen twee gelyke partye kan gewoonlik deur enige van die twee partye volgens die bepalings van die ooreenkoms, weer opgehef of verbreek word.

Die Bybelse verbond is 'n saak waarby *twee ongelykwaardige partye* betrokke is – God en mens. In dié verbond bly God altyd God en die mens altyd mens. Buitendien word die verbond nie gesluit na wedersydse oorlegpleging en voorafinstemming van die twee verbondsgenote nie. Trouens, die Verbond waarvan die Bybel praat, gaan altyd eensydig van God alleen uit. *Dit is God se Verbond wat Hy met die mense oprig.* „Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou in hulle geslagte, tot 'n ewige verbond om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou" (Genesis 17:7).

Uit hierdie woorde aan Abraham blyk dit dat die verbond nie net Abraham nie, maar ook sy nageslagte insluit. Verder is dit duidelik dat die mens, omdat dit God se verbond is, nooit die verbond op 'n wettige wyse en sonder slegte gevolge vir homself kan beëindig nie. (Gen. 17:9).

### 3.2 *Die Verbond is altyd 'n Verbond met mense*

#### 3.2.1 *Die Verbond met Noag*

Só word die woord „verbond" vir die eerste maal in die Ou Testament genoem in Genesis 6:18, 9:9, 11. Dit is die geskiedenis van die verbondsluiting met Noag. Hierdie verbondsluiting met Noag is eintlik 'n verbond met 'n heilsbelofte wat mens en dier insluit. Só openbaar die Here sy verbondsgenade deur aan Noag die belofte te gee: „. . . dat alle vlees nie meer deur die vloed uitgeroei sal word nie, en dat daar geen vloed meer sal wees om die aarde te verwoes nie (Gen. 9:11). Die verbondseën wat in hierdie belofte vervat is, is dus geldig vir die hele nuwe mensegeslag wat na die sondvloed, deur Noag en sy seuns begin is (vgl. Gen. 9:12). Aan hierdie verbond is ook nie net 'n belofte verbind nie. Die Here gee ook nog 'n uiterlike teken, die reënboog (Gen. 9:13), as bevestiging daarvan dat die verbond van Gods kant van krag sal bly (vgl. Gen. 9:14–17).

*Die kenmerke van die verbond is:*

a. Dit gaan van God alleen uit.
b. Dit word opgerig met mense.



c. Dit bevat 'n verbondsbelofte.
d. Daar is 'n uiterlike verbondsteken as bewys van God se verbondstrou.

#### 3.2.2 *Die Verbond met Abraham* (Genesis 15–17)

Die tweede verbondsluiting waarvan die Ou Testament melding maak, is die verbond met Abraham. Die verbond met Abraham is egter nie 'n opheffing van die verbond met Noag nie. Wat wel gebeur, is dat die Here uit die nuwe mensheid wat Hy met Noag begin het, in Abraham begin met 'n volk om vir Hom die draer van sy heilsbelofte (Gen. 13:15b) te wees. Daarom kom hier enkele nuwe momente by hierdie verbondsluiting ter sprake:

a. Die verbondsbelofte is dat Abraham, al het dit toe menslik onmoontlik gelyk, tog 'n groot volk sal word (Genesis 17:2) en die land Kanaän aan sy nageslag geskenk sal word.
b. Naas die reënboog as teken van die omvattende verbond met Noag, kom die *besnydenis* as die uiterlike teken van hierdie besondere verbond met Abraham en sy nageslag (Genesis 17:11).
c. Waar daar by die Noag-verbond net gepraat word van die ewige verbondstrou van God (Genesis 9:14–16) word aan Abraham en sy nageslag die eis gestel om God se verbond met hulle te onderhou. (Genesis 17:9).

#### 3.2.3 *Die Verbond met die Volk Israel*

In die lig van tekste soos Exodus 6:3 en Exodus 34:10 blyk dit dat die gebeurtenisse by Sinai waar die Here sy Gebooie aan die volk gegee het, eintlik nie 'n nuwe verbondsluiting was nie. *Dit was 'n hernuwing met die hele volk van die verbond wat met Abraham, die vader van die volk, gesluit is.* Daarom word hier nie 'n ander verbondsbelofte gegee nie. Die besnydenis bly ook die teken van die verbond met die volk.

Daar kom eintlik net een verandering of, beter gesê, een uitbreiding op die verbondsluiting met Abraham. Van Abraham en sy nageslag is gevra om die verbond te hou (Genesis 17:9). Behalwe vir die voorskrif in verband met die besnydenis, is daar toe geen onderhoudingsvoorskrifte gegee nie. Die uitbreiding wat by Sinai plaasgevind het *was dat die Here sy Wet, die Tien Gebooie en die seremoniële wette as voorskrifte vir die onderhouding van die verbond gegee het.* Dit was eintlik die letterlike uitvoering van wat genoem kan word die inleiding tot die verbondsvernuwing wat in *Exodus* 19: 5–8 beskrywe word.

### *3.2.4 Misverstand in verband met die Verbondsvernuwing*

Op grond van die feit dat die wetgewing met die verbondsvernuwing gepaard gegaan het, was daar mense wat gedink het dat dit 'n ander verbond is wat gesluit is en word daar soms van die Sinai-verbond as 'n werkverbond gepraat. *In later tye het ook Israel hierdie wetgewing verkeerd verstaan en die Sinai-verbond as 'n werkverbond beskou.*

Die gedagte agter die Sinai-verbond as 'n werkverbond is: Die Wet is gegee as 'n middel waardeur die mens so 'n prestasie kan lewer dat hy in ruil daarvoor die goddelike guns verwag. Dit wil sê dat die Sinai-verbond verlaag word tot die vlak van gewone kontrak wat op die basis van prestasie en teenprestasie, soos die heidense godsdienste, werk. So gesien is die verbond dan die grond en oorsaak van menslike werkheiligheid. Dit beteken dat die mens deur uiterlike wetsgehoorsaamheid die verlossing koop of verdien. Die Wet en die offers word dan in die hand van die mense middele tot verlossing. Vanselfsprekend word die Wet van God en die seremoniële wette dan tot iets anders gemaak as wat die Here daarmee bedoel het. Hy het dit bedoel as voorskrifte vir die onderhouding van Sy verbond. *Dit wil sê dat Hy dit bedoel het as die riglyn vir die dankdiens wat aan sy Naam gebring moet word.*

Die profete en later Jesus Christus het nie teen die regte verstaan en gebruik van die Wet van God gepreek nie, maar juis teen die begrip en gebruik van die Wet waardeur die verbond tot 'n werkverbond verlaag is.

### *3.3 Die Verbond van God is 'n Genadeverbond*

In Genesis 6:8 waar die geskiedenis van Noag begin, lees ons: „Maar Noag het genade gevind in die oë van die Here." In verband met die verbondsvernuwing by Sinai lees ons feitlik woordeliks dieselfde.

In Exodus 34:9 sê Moses: „Here, as ek genade in u oë gevind het . . ." Moses is hier die verteenwoordiger van die volk. Wat vir hom geld, geld ook vir die hele volk. Daarom antwoord die Here vir Moses: „Kyk, Ek maak 'n verbond; voor jou volk sal Ek wonders doen . . ." (Exodus 34:10).

Hieruit is dit duidelik dat die verbond 'n genadeverbond is. Dit is nie op grond van Abraham se eie verdienste dat die Here Abraham aanneem en hom 'n groot nasie maak nie. Dit is guns wat die Here aan hom bewys. Dit is ook nie op grond van die prestasies van Israel dat die Here hulle uit Egipteland verlos, deur die woestyn lei



en die beloofde land laat besit nie. Dit is uit genade dat Hy hulle uitverkies het om sy volk te wees, Hom te dien en draer van sy heilsbelofte te wees. Juis omdat Hy hulle uit genade uitverkies het, kan hulle alleen sy doel dien as hulle sy verbond onderhou.

Daarom gee Hy vir hulle sy Wet as voorskrif om sy verbond reg te kan onderhou. Daarom is dit duidelik dat wet en genade mekaar nie uitsluit nie. Die wet vloei voort uit die genade. Die wet is dan juis die middel waardeur die volk gehelp moet word om die genadeverbond te onderhou.

Die wetgewing maak nie van die verbondsvernuwing by Sinai 'n ander verbondsluiting nie. Dit maak ook nie van die verbond 'n werkverbond nie. Die wet is deel van die genadeverbond wat as dit reg verstaan en gebruik word, Israel só in God se doel met hom laat slaag, soos Jesaja 55:5 dit so treffend beskrywe: „Kyk, nasies wat jy nie geken het nie, sal jy roep; en nasies wat jou nie geken het nie, sal na jou hardloop ter wille van die Here jou God en van die Heilige van Israel, omdat Hy jou verheerlik het." Omdat God die heil van die wêreld soek, het Hy sy verbond met sy volk gesluit en aan hulle sy Wet gegee. Hy is die Genadige.

### *3.4 Die Positiewe Karakter van die Wet*

Omdat die wet voortdurend sê: „Jy mag nie . . .", dink die mense soms dat die wet negatief is en alles verbied. Dit is waar dat die wet sommige dinge verbied. Tog is dit nie net negatief nie, maar het dit eintlik 'n positiewe betekenis. Die wet wil eintlik niks verbied net om dit te verbied nie. Die wet wil deur een saak te verbied die teendeel van daardie saak bevorder. Die afsonderlike gebooie staan dus in 'n negatiewe vorm geskrywe, terwyl hulle 'n positiewe betekenis het. Byvoorbeeld die gebod: „Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie" (Exodus 20:3), wil nie net die afgodediens vernietig nie, maar wil veral die diens van God bevorder. Dit lyk ten minste vir ons of die Here Jesus Christus juis die positiewe strekking van hierdie gebod na vore bring as Hy die versoeking deur Satan met hierdie woorde weerstaan: „Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien." (Vgl. hierby Deuteronomium 5:9).

Juis omdat die Fariseërs en ander mense in die tyd van Jesus gedink het dat hulle die Wet nakom deur net bepaalde dinge na te laat, het die Here Jesus Christus in sy opsomming van die Wet die negatiewe bewoording of vorm laat vaar en 'n positiewe vorm gebruik om die positiewe betekenis te laat uitkom. Daarom sê Hy: „Jy moet die Here jou God liefhê . . ." (vgl. Mattheus 22:37–39).

*Ons kan dus besluit dat die verbond genadeverbond is en die Wet, wat die grondwet van die verbond is, 'n positiewe betekenis en gevolg het, naamlik die regte diens van God.*

### HERSIENINGSVRAE

1. Weerspreek die Wet en ander boeke van die Ou Testament mekaar? Verduidelik die antwoord.
2. Herhaal die ander boeke van die Ou Testament net die getuienis van die Wet? Waarom antwoord u so?
3. Hoe word die skynbare teenspraake tussen die Wet en ander Ou-Testamentiese boeke verklaar?
4. Hoe waardeer die Nuwe Testament die Wet in die besonder en die Ou Testament in die algemeen?
5. Watter hoofbestanddele kan ons in die Pentateug onderskei?
   a. Watter van hierdie bestanddele het die Nuwe Testament ongewysig gehandhaaf?
   b. Watter elemente is deur die Nuwe Testament afgeskaf?
   c. Watter elemente het die Nuwe Testament vervang?
   d. Watter elemente het die Nuwe Testament vervul?
6. Onder watter wette en waar in die Bybel sal u na die seremoniële wette soek?
7. Is die Bybelse verbond 'n kontrak? Gee redes vir u antwoord.
8. Waar lees ons van die verbond met Noag?
9. Wat is die verskille tussen die verbond met Noag en die verbond met Abraham?
10. Is die Sinai-verbond 'n nuwe verbond? Waarom sê jy so?
11. Wat is die misverstand in verband met die verbondsvernuwing?
12. Verduidelik in 'n mooi paragraaf die stelling: Die verbond is 'n genadeverbond.
13. Watter funksie vervul die Wet van God in die genadeverbond?
14. Verduidelik die stelling: Die Wet het 'n positiewe karakter.

### WERKOPDRAG

Skryf 'n netjiese opstel oor die Tien Gebooie sodat die positiewe betekenis van elke afsonderlike gebod duidelik na vore gebring word.

## HOOFSTUK 3

# *Besondere Inleiding tot die Boek Exodus*

### 1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk wil ons die boek Exodus in besonderhede behandel. Baie van die dinge wat al in die algemeen oor die Pentateug gesê is, sal dus meer toegespits op Exodus aan die orde moet kom.



Uit die aard van die saak kan ons nie al die boeke van die Pentateug so volledig behandel nie en moet mens maar tevrede daarmee wees om net een boek uit die Pentateug só te kan ondersoek.

Daar is ook gepoog om by die behandeling van die boek, soveel as moontlik na die teks self te verwys en soms selfs aanhalings uit die boek te maak. Die bedoeling was egter nie om alle verwysingsmateriaal te vermeld nie. Miskien sal dit goed wees om die leerlinge die geleentheid te gee om self nog meer tekste wat op die verskillende sake betrekking het, in die boek te soek.

Dit sal ook baie nut hê om in die klas, voordat die verskillende dele behandel word, dié gedeeltes van die boek wat daarop betrekking het, hardop vir die klas deur die leerlinge self te laat voorlees.

### 2. DIE NAAM VAN DIE BOEK

Soos reeds in hoofstuk II aangetoon, is die naam Exodus eintlik afkomstig van die Griekse woord wat „Uittog" beteken. Die rede waarom hierdie boek in die Griekse en Latynse Bybelvertalings 'n ander naam ontvang het as wat die boek in Hebreeus dra, lê opgesluit in die geskiedenis wat in die boek behandel word. Omdat die Hebreeuse naam van die boek (volgens gebruik die eerste woord in die boek) nie eintlik verband hou met die hele inhoud van die boek nie, het die vertalers dit waarskynlik goedgedink om die boek 'n naam te gee wat meer ter sake is. Aangesien die boek hoofsaaklik handel oor die uittog uit Egipteland, het hulle Exodus, 'n baie gepaste naam vir die boek, gekies.

Ons moet aanneem dat die naam Exodus, wat ook in die Afrikaanse Bybel gebruik word, gekies is omdat dit die inhoud van die boek beter tipeer as wat die geval is met die Hebreeuse titel „En dit is die name".

### 3. DIE SKRYWER VAN DIE BOEK

Wat in Hoofstuk II oor die skrywer van die Pentateug as geheel gesê is, geld natuurlik ook vir Exodus as 'n deel van die Wet. By wat daar reeds gesê is, kan eintlik nog net enkele kleiner besonderhede bygevoeg word en ander sake net weer onderstreep word.

*3.1* Die boek Exodus gee meer as die res van die Pentateug aanleiding tot die naam „boeke van Moses". In Exodus is Moses die middelpunt van alles wat gebeur en is Moses die groot leier en profeet. Bowendien word daar meer as in die ander boeke van die Wet, genoem dat Moses bepaalde gedeeltes geskrywe het. (Vgl. Hoofstuk II paragraaf *4.2.1*, *4.2.2*, *4.5* ens.)